


# Ruit 90

## Gebruik die 1983-vertaling

Naam: \_\_\_\_\_ Gemeente: \_\_\_\_\_

*Pos die oplossings voor 15 Julie na Posbus 10442, Ashwood, 3605*



### Leidrade Af

1	Job 5:26	Rype	Elifas sê dat Job op hierdie ouderdom die graf sal binnegaan
2	1 Samuel 19:11	Dop	Saul se opdrag: doen dit met Dawid en maak hom in die oggend dood.
3	Jesaja 9:11	Hap	Die Filistyne het net een hiervan gebruik om Israel te verslint
5	Lukas 17:8	Aandete	'n Slaaf wat die hele dag geploeg het. Moet eers dít aan sy eienaar voorsit
6	2 Konings 10:19	Lis	Jehu se wyse van beplanning om die vereerders van Baäl

			dood te maak.
7	Matteus 20:3	Mark	9:00 het die eenaar werkloses hier sien rondstaan, en hulle toe gehuur
9	Jesaja 40:13	Peil	Wie kan dit met die Gees van die Here doen, wie kan sy raadgeewer wees?
11	Rut 2:14	Wynsous	Dit maak Rut se brood lekker as sy saam met Boas eet
12	Kolossense 3:8	Nyd	Van die eienskappe wat nie by die gelowige hoort nie, sê Paulus
17	Hooglied 4:3	Lint	Sy liefling se rooi lippe lyk vir hom soos hierdie materiaal
18	1 Samuel 18:11	Vaspen	Die manier waarop Saul Dawid aan die muur wou heg
20	Amos 3:5	Toeklap	Dit sal 'n wip nie doen as hy nie iets gevang het nie
22	Handelinge 27:16	Eilandjie	Kauda ('n plek in die see) waarvan Lukas melding maak
23	Genesis 24:58	Ja	Rebekka se antwoord toe haar pa haar vra of sy saam met die slaaf wil gaan
24	Eksodus 4:25	Klipmes	Sippora besny haar seun hiermee
25	Esegiël 27:6	Dek	Hierdie deel van Tirus se bote is van sipreshout gemaak
26	Maleagi 3:10	Ete	Bring die tiende na My huis, dat ook hierdie beskikbaar is.
27	Spreuke 31:18	Heelnag	Die deugsame vrou se lanp brand só lank
31	Jesaja 14:16	Aangaap	'n Manier waarop die mense die blink môrester sal aankyk.
34	Deuteronomium 24:19	Gerf	As jy dit op die land agtergelaat het, mag jy nie opdraai om dit te gaan haal nie. Dit is vir die armes.
35	Jesaja 8:1	Leer	Skryf hierop: Roof en Plunder is naby!
36	Esegiël 3:9	Diamant	Die Here maak Esegiël se kop so hard soos hierdie edelsteen
37	Openbaring 14:20	Tooms	Tot by hierdie toerusting van die perde kom die bloed uit die parskuip
41	Job 1:1	Us	Job se tuisdorp
43	Josua 11:13	Ou	Hierdie stede het Israel nie afgebrand nie
44	Psalm 47:2	Jubelende	Klap julle hande, juig tot eer van die Here met hierdie stem.
47	Handelinge 13:11	Vaag	So het die apostel gesien onmiddellik nadat Jesus gesê het Hy gaan hom straf
50	Job 25:6	Ruspe	In vergelyking met die blink maan en sterre, is die mens maar vir God só 'n soort wurm
52	1 Konings 7:20	Rye	Só het Salomo die 200 granate georden.
53	1 Kronieke 29:28	Geeerd	Wyse van respek om terug te dink aan Dawid as hy pas gesterf het
57	Jeremia 2:32	Trourok	'n Bruid vergeet nie hierdie kledingstuk nie, maar die volk het die Here vergeet
59	Lukas 11:42	Wynruit	Die Fariseërs gee 'n tiende van hierdie kruie
60	1 Samuel 25:20	Ry	Dit het Abigail gedoen op die donkie toe Dawid op haar afkom.
62	Levitikus 22:24	Os	'n Bul in hierdie toestand mag jy nie aan die Here offer nie – maak nie saak hoe dit gebeur het nie!
63	Levitikus 11:29	Molle	Volop diertjies in die veld – maar onrein vir julle!
64	Job 27:18	Mot	Sy tydelike tuiste was 'n kokon, sê Job
66	Numeri 21:5	Sat	Só beskryf die volk hulle gevoel oor die slegte kos – en toe tref die slange hulle.
68	1 Samuel 2:1	Bly	Hanna se emosie omdat die Here uitkoms gegee het
69	Johannes 18:40	Rower	Barabbas se “werk”.
72	Genesis 36:43; 1 Kronieke 1:54	Iram	Stamhoof van Edom

73	Openbaring 6:8	Vaal	Hierdie kleur perd se ruiters naam was Die Dood
74	2 Samuel 13:20	Wrak	Emosionele toestand van Tamar nadat sy verkrag is
75	Jesaja 7:18	By	Die Here fluit-roep hierdie insek (gee die enkelvoud)
77	Deuteronomium 1:27	mor	Dit sit die Israëliete in hulle tente en doen omdat hulle dink die Here haat hulle.
79	Handelinge 9:22	War	Hierin bring Saulus die Jode in Damaskus as hy bewys dat Jesus die Christus is
80	Maleagi 2:13	Sug	Die volk doen dit omdat die Here nie hulle offers wil aanneem nie.

### **Leidrade dwars**

1	Klaagliedere 3:58	Red	Jeremia se troos is dat die Here sy saak verdedig en dit met sy lewe doen
4	Eksodus 30:34	Galbanum	Bestanddeel vir die heilige salfolie
8	Genesis 1:2	Op	Posisie ten opsigte van die waters waar dit donker was, maar die Gees van God het daarvoor gesweef
10	Numeri 24:6	Aalwyne	Vir Bileam lyk die Israëliete soos hierdie plante wat deur die Here geplant is
13	Esra 2:28	Ai	Saam met Bet-el kry hierdie dorp 223 mense wat terugkeer uit ballingskap.
14	Sagaria 4:12	Pype	Sagaria wonder waarom Goudkleurige olie hieruit stroom
15	Deuteronomium 18:3	Pens	Saam met die blad en die kakebene, kan die priester aanspraak maak op hierdie deel van die offer
16	Hosea 8:1	Alarm	Waarskuwing dat 'n roofvoël oor my huis is! sê die Here.
19	Kolossense 3:8	Nyd	'n Eienskap wat die tuishoort by die kind van die Here nie, sê Paulus.
21	Genesis 25:25	Veljas	Die eersgeborene se liggaam was oortrek met hare – dit was soos hierdie kledingstuk
24	Levitikus 11:35	Kleioond	Breek hierdie gaarmaakplek af as 'n dooie diertjie daarin val, want nou is dit onrein
28	Jesaja 58:5	As	Dit is nie genoeg dat julle op die vasdag só sit en die nek buig soos 'n biesie nie.
29	Openbaring 3:16	Lou	Omdat jy só is, gaan ek jou uit my mond spoeg!
30	Jesaja 13:20	Tent	Geen Arabier gaan hierdie woonplek weer in Babel oprig nie, sê Jesaja
31	Esra 2:57	Ami	'n Nakomeling van die dienaars van Salomo wat terugkeer uit ballingskap.
32	Amos 2:9	Eike	Die Amoriete, sterk soos hierdie bome, het die Here uitgeroei om plek te maak vir Sy volk.
33	Handelinge 21:8	Evangelis	Dienswerk wat Filippus, 'n man met vier dogters, gedoen het.
38	Jesaja 1:6	Ene	Beskrywing van die hoeveelheid kneusplekke wat die volk Israel het volgens Jesaja
39	Spreuke 21:14	Paai	'n Geskenk in stilte doen dit aan 'n man wat kwaad is
40	Rigters 19:20	Ou	Hierdie man het vir die reisiger gesê om nie op die stadsplein in die dorp in Benjamin te oornag nie
42	Lukas 11:24	Dor	'n Gees wat uit 'n mens uitgaan, sweef op sulke streke op soek na 'n rusplek, sê Jesus.
44	Jeremia 16:16	Jagters	Nadat die vissers Israel gevang het, gaan hulle Israel jag
45	Amos 8:2	Amos	Hierdie profeet het 'n mandjie ryp vrugte gesien.
46	Lukas 22:57	Juffrou	Aanspreekvorm van die meisie wat Petrus by die vuur herken het
48	Efesiërs 4:27	Vatkans	Moet dit nie aan die duiwel gee nie

49	Nahum 3:16	Vervel	As die sprinkane dít gedoen het, vlieg hulle weg
51	Numeri 11:5	Prei	Die volk onthou hierdie dis as hulle moeg word vir die manna
54	Lukas 9:22	Ly	Die Seun van die mens moet dít baie doen en verwerp word, doodgemaak word en op die derde dag opgewek word.
55	Eksodus 21:6	Gaatjie	Druk dit in die heiligdom met 'n els in jou slaaf se oor
56	Jesaja 51:8	Vismotte	Jesaja meen dat hulle die wol verniel
58	Eksodus 38:23	Wewer	Oholiab se nering – en hy het sy deel aan die tabernakel gedoen
61	Jeremia 46:25	No	Jeremia sê dat Aram hierdie land se god is.
63	Jesaja 22:18	Mummie	Jesaja moet aan Sebna sê dat die Here hom styf sal toerol soos mens dít toerol
65	Lukas 20:47	Opse	Skrifgeleerdes doen dit met gebede – vir die skyn.
67	Daniël 10:8	Doodsbang	Tipe vrees van Daniël as hy die man uit die rivier sien kom
70	Jesaja 32:4	Vlot	Wanneer die koning kom wat reg regeer, sal die hakkelaars só praat
71	Openbaring 6:4	Uitmoor	Die taak van die rooi perd in Openbaring
73	Markus 11:13	Vy	Jesus gaan na die boom om te kyk of Hy hierdie vrug kan kry
76	2 Samuel 9:7	Oupa	Dawid gee aan Mefiboset die grond van hierdie familielid
77	Spreuke 6:6	Mier	Gaan kyk na hierdie insek, luijaard!
78	Romeine 12:16	Eiewys	'n Eienskap wat nie by die kind van die Here hoort nie, sê Paulus
81	Jesaja 33:23	Maste	Slap toue van die vyand se skepe kan dít nie regophou nie, sê Jesaja
82	1 Konings 4:16	Alot	Een van die streeksbestuurders wat verantwoordelik was vir die onderhoud van Salomo
83	Spreuke 6:29	Lol	Wyse raad: jy sal nie vry kom as jy dít met 'n ander man se vrou doen nie.
84	Jeremia 18:3	Skyf	Die pottebakker was besig om iets hierop te maak
85	2 Samuel 22:33	Krag	Dawid sing 'n lied, en sê dat die Here hom hiermee omgord.